Rûens Kollege vir Christelike Onderwys

BELEID

COVID-19 PANDEMIE			
NR: 0001	HERSIENING: 001	DATUM VAN LAASTE HERSIENING	VERANTWOORDELIKE PERSOON:

1. Tydraamwerk en Tye

Ons het ’n paar klein veranderinge aangebring aan die dae waarop die Grade gedurende die week van 20 Julie skool toe kom en ook die lengte van die skooldag verkort na 09:00 tot 13:00.

- Fase 1: 09:00 tot 13:00 – Elke graad kom vir minstens een dag skool toe.
  - 13 Julie: Graad 7 en Graad 1
  - 14 Julie: Graad 6 en Graad 2
  - 15 Julie: Graad 5 en Graad 3
  - 16 Julie: Graad 4 en Graad R
  - 17 Julie: Graad 7 en Klippies

- Fase 2: 09:00 tot 13:00 – Elke graad kom vir minstens twee dae skool toe.
  - 20 Julie: Graad 6,7 en Graad 1,3
  - 21 Julie: Graad 4,5 en Graad R,2
  - 22 Julie: Graad 6,7 en Graad 1,3
  - 23 Julie: Graad 4,5 en Graad R,2
  - 24 Julie: Graad 6,7 en Klippies

- Fase 3: 09:00 tot 13:00 – Alle klasse en grade kom vir al vyf dae skool toe.
  - 27 Julie aanwaarts: Klippies – Graad 7

Die 09:00 begintyd gee aan die busroete koördineerders die geleentheid om ’n mediese keuring te doen vòòrdat die kinders op die busse klim. Dit is belangrik dat kinders nie skool toe gestuur word indien hulle enige van die volgende simptome of ’n koors van 38°C of hoër het nie: droë hoes, seer keel, lyfseer, naar, verlies van smaak of reuk. Die personeel sal van 08:30 beskikbaar wees om die kinders vir mediese keuring te ontvang. Ouers wat self hul kinders skool toe bring moet asseblief in hul motors bly wag totdat u kind se mediese keuring afgehandel is. Indien hy/sy nie binne vyf minute terug is by u motor nie, is u welkom om te ry.

Die skooldag is korter, maar daar word min akademiese kontaktyd ingeboet aangesien daar nie tyd verlore gaan as gevolg van klaswisseling nie en daar geen sport is nie. Die kinders gaan twee 15 minute pouses kry om te eet en vars lug te skep. Ons gaan hulle ook gedurende klastyd vir kort tydperke die geleentheid gee om buite op veilige afstande bietjie hulle bene te rek en verligting van die maskers te kry. Die verkorte skooldag gee ook aan die onderwysers meer tyd om vir beide aanlyn en tradisionele onderrig te beplan en voor te berei.

2. Skoolbywoning en onderrig

Ons gaan vir die afsienbare toekoms beide aanlyn en tradisionele onderrig aanbied. Dit gee kinders wat nie onmiddellik terugkeer skool toe nie die geleentheid om voort te gaan met hul onderrig en bied ook ekstra ondersteuning aan die kinders wat wel skool toe kom.

Ons wil die hantering van boeke, om dit in te neem en te merk, beperk. Alle werk gaan daarom voortaan op Google Klaskamer geskeduleer en ingehandig word, al kom jy skool toe. Werk sal elektronies gemerk en met volledige kommentaar terugbesorg word. Daar sal duidelike riglyne oor die volgende twee weke ontwikkel en gekommunikeer word.

Indien dit in u kind of huishouding se beste belang is dat hy/sy nie dadelik terugkeer skool toe nie, kan u my laat weet sodat ons u bystaan om te reël vir tydelike of gedeeltelike kwytskelding van verpligte skoolbywoning.

3. Kleredrag, beskermende drag en ontsmettingsmiddels

Die dra van ’n masker vir die volle duur van die dag is verpligtend. Die masker moet hul mond en neus bedek en nie te los sit nie, maar steeds gemaklik wees sodat hulle nie heeltyd daaraan vat nie. Die skool het vir elke kind twee maskers volgens voorskrifte laat maak, maar kinders is welkom om met hul eie maskers skool toe te kom.

In die voorskrifte word daar slegs voorsiening gemaak vir dowe en blinde kinders om gesigskerms te dra. Daar is nog geen spesifieke ander riglyne vir Pre-Graad R leerlinge (Klippies) ontvang nie. Ons vertrou dit gaan gekommunikeer word voordat hulle eerskomende Vrydag skool toe kom. Onderwysers in die Grondslagfase gaan tydens die aanleer van klanke en leesperiodes gesigskerms dra sodat die kinders hul monde kan sien.

Dit is belangrik dat alle klere en beskermende drag elke dag gewas moet word. Dit behoort nie tydens die eerste twee weke ’n probleem te wees nie, aangesien die kinders net vir een of twee dae skool toe kom. Ons gaan die kinders toelaat om vanaf 27 Julie op Dinsdae en Donderdae met gewone klere skool toe te kom om u die geleentheid te gee om hulle skoolklere te was.

Daar is ’n spuitbottel met die voorgeskrewe hand-ontsmettingsmiddel beskikbaar in elke klas en vertrek. Almal moet hulle hande elke keer ontsmet wanneer hulle klasse binnekom of verlaat. Slegs vloeibare seep en papierhanddoeke is by al die badkamers beskikbaar. Al die vertrekke en oppervlaktes wat deur die dag gebruik word, gaan na skool met die aanbevole ontsmettingsmiddels skoongemaak word. Oppervlaktes soos deurhandvatsels en ligskakelaars sal gereeld deur die loop van die dag skoongemaak word. Toerusting soos rekenaars en robotika stelle sal elke keer skoongemaak word voordat die volgende groep kinders dit gebruik.

4. Sosiale afstand

Ons is baie bevoorreg om groot klaskamers te hê sodat selfs ons grootste klas met 20 leerlinge in met gemak die voorgeskrewe 1,5 meter van mekaar af kan sit. Daar is merkers buite die klaskamers en op die speelterrein aangebring om ons kinders te help om sosiale afstand te handhaaf. Die onderwysers sal ook verseker dat daar genoeg vensters oop is om goeie ventilasie te verseker.

Pouses gaan op verskillende tye plaasvind en die personeel gaan aan diens wees om te verseker die korrekte afstande word gehandhaaf. Ons kinders gaan gedurende die dag geleentheid kry om in die saal of op kampus oefening en vars lug te kry terwyl hulle die regte sosiale afstand handhaaf.

5. Mediese keuring en toegang

Die personeel gaan van 08:30 af beskikbaar wees om ons kinders te ontvang vir mediese keuring. U moet asseblief u kinders langs die busse se parkeerarea aflaai, sodat ons toegang na die mediese keuringstasies kan beheer en kontroleer.

Die Grondslagfase kinders gaan vanaf die mini-netbalbaan, waar hulle gewoonlik soggens aantree, deur die gang by die snoepie om medies gekeur te word. Die Seniorfase kinders gaan vanaf dieselfde mini-netbalbaan deur die Kunsklas om medies gekeur te word. Kinders beweeg van die keuring stasies direk na hul klaskamers waar hulle deur hul klasonderwyser ontvang sal word.

Ouers moet asseblief in hul motors wag wanneer kinders afgelaai en afgehaal word. Indien u kind nie medies gekeur word nie, sal hy/sy binne vyf minute terug wees by u motor. Ons vra dat u die roete tussen tennisbane en Klippie klas en dan voor om die skool sal volg wanneer u die kampus verlaat.

Geen persoon gaan sonder ’n afspraak op kampus toegelaat word nie. Almal, ouers ingesluit, moet by ontvangs, via die skool se hoofingang, aanmeld en die voorgeskrewe mediese keuring deurgaan voordat afsprake nagekom word. Geen besoeker mag onder geen omstandighede direk na ‘n kind se klas of enige ander vertrek gaan nie.

Indien enige persoon, kinders, onderwysers, ouers of besoekers enige van die voorafgenoemde simptome toon, sal hulle nie op kampus toegelaat word nie. Indien ’n kind, onderwyser of werker deur die loop van die dag simptome toon, sal die persoon dadelik geïsoleer word. Veilige vervoer sal dan gereël word sodat ’n mediese ondersoek of toets gedoen kan word.

Die distrik se COVID-19 taakspan en die Onderwysdepartement sal in kennis gestel word, wat dan die mate waartoe maats en kollegas blootgestel is sal bepaal en dan die nodige keuring of toetsing voorstel. Ons is bevoorreg om een van ons ouers, Dr. Isaac Pretorius aan die hoof van die taakspan te hê. Ons sal dan die area en die persoon se werkstasie ontsmet en skoonmaak om enige verdere moontlike oordrag te voorkom.

Enige persoon wat met COVID-19 gediagnoseer word en in kwarantyn geplaas word, mag eers terugkeer skool toe nadat hy/sy ’n mediese ondersoek ondergaan het en gekeur is.

6. Sport en Byeenkomste

Alle sport en kulturele byeenkomste is afgestel tot verdere kennisgewing. Ons gaan wel ons kinders deur die dag kans gee om onder toesig aërobiese oefeninge te doen terwyl die regte sosiale afstande gehandhaaf word.